Donderdag 1 Januarie
Skrifgedeelte: 1 Konings 8:46-53
Fokusgedeelte: 1 Konings 8:50, 51

Voorbidding vir diegene wat van God se barmhartigheid afhanklik is

By die wêreld is daar baie vrae en onsekerheid oor die nuwe jaar. As gelowiges mag ons dit wel met groot opgewondenheid aanpak. Die Here leer dit vir ons in Salomo se voorbidding vir die volk Israel in 'n nuwe tydvak van hulle lewe.

Die tyd van die tabernakeldiens is verby. Die tyd van die tempeldiens het aangebreek. Al die seremonies, die offers en gebede, wys hoe belangrik God se verbondsverhouding met ons vir Hom is. God is heilig, daarom moet elke verbondskind ook heilig wees. Vanweë die sonde verg dit baie offers en reinigings seremonies.

Die bloed van baie geslagte offers het voortdurend daarvan getuig dat God regverdig en heilig is. Sonde eis immers betaling. Die bloed het ook getuig van die bloed van God se Lam, sonder gebrek, wat die volkome prys vir al ons sondes is. God is ook barmhartig. Soos Salomo met baie offers God biddend genader het met sewe verskillende versoeke, kan jy in Christus biddend tot God nader met alles wat jy liggaamlik en geestelik nodig het. Hy skenk aan ons ons daaglikse brood en ook die Brood van die ewige Lewe – Jesus Christus, ons Verlosser en Middelaar.

Vir die nuwe jaar met al sy vrae en worstelinge het ons 'n groter Voorbidder as Salomo, naamlik Jesus Christus, ons enigste Hoëpriester. Hyself is die volledige openbaring van God se barmhartigheid aan jou as gelowige. As God in Christus jou so barmhartig is dat jy sy duurgekoopte kind is, hoeveel te meer sal Hy jou nie ook barmhartig wees in 'n nuwe jaar nie. Ons verbondenheid aan die Here, ons getroue Verbondsgod en sy genade en barmhartigheid maak ons opgewonde om die nuwe jaar aan te pak. As God se duurgekoopte kinders kan ons voortdurend bid: Vergewe ons al ons sonde en oortredinge en wees ons barmhartig, veral ook in moeilike tye.

*Sing: Psalm 27:-11, 6*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*